**Abraham koop 'n familiegraf (OP157)**

**Gen 23:1-20**

**3 Desember 2023**

Die afgelope twee weke het ons stilgestaan by Abraham wat vir Isak moes gaan offer. Ons het eers gekyk na Abraham se gehoorsaamheid – ons het gesien die Here het hom uit die hemel verseker dat hy vrees vir God het. Verder het ons ook gesien hoe die Here Sy beloftes van vroeër met 'n eed by Homself bevestig het. Laasweek het ons stilgestaan by Isak se gehoorsaamheid. Ons het gesien hy was gehoorsaam tot op die punt waar Abraham hom sou slag – maar genadiglik is hy gespaar omdat die Here vir Abraham gekeer het. Die Here het 'n ram voorsien wat in die plek van Isak geoffer kon word. Isak was hier 'n Ou Testamentiese skadu van die Here Jesus – maar in Jesus se geval is Hy nie gespaar soos Isak nie, nee, Hy het die hoogste prys betaal deur te sterf. So het Hy Sy eenmalige en volmaakte offer gebring in die plek van Abraham en elkeen wat deel is van Sy ware nageslag. Hy het deur hierdie offer vir hulle geregtigheid bewerk, en die Here gee hierdie geregtigheid aan alkeen wat glo. Gen 22 is 'n reuse stap vorentoe in die openbaarmaking van die verlossingsplan van die Here: 'n Plaasvervangende offer deur die Here Jesus sal geregtigheid bewerk vir elkeen wat glo.

Toe ons begin het met Gen 22, het ek die opmerking gemaak dat die hoofstuk in 'n sekere sin gesien kan word as die hoogtepunt van die werk van die Here met en deur Abraham. Al met al is ons nou besig om die einde van die geskiedenis van Abraham te bereik. Vandag wil ek stilstaan by Gen 23, wat juis vir ons die gebeure beskryf rondom die dood van Sara, Abraham se vrou. Terloops, ek is bewus daarvan dat ek Gen 22:20-24 oorgeslaan het – ek beplan om enkele opmerkings daaroor te maak wanneer ons by Gen 24 stilstaan. Ek wil Gen 23 bespreek onder die volgende drie hoofpunte: (1) Abraham koop 'n familiegraf (Gen 23:1-20), (2) Jesus koop nie 'n graf nie (Mat 27:57-61), en (3) Ons begrawe vol hoop en met sekerheid (Op 7:9-17, 1 Tes 4:15-18, Op 21:1-7)

<u>Abraham koop 'n familiegraf (Gen 23:1-20)</u>

Lees Gen 23:1. Sara het gesterf op 'n ouderdom van 127 jaar. Dit beteken sy het gesterf toe Abraham 137 jaar oud was, en Isak 37 jaar oud was – siende dat hy gebore is toe Sara 90 jaar oud was. Dit is interessant om daarop te let dat Sara die enigste vrou in die Bybel is van wie ons vertel word hoe oud sy was toe sy gesterf het – Sara het 'n spesiale rol vervul as die vrou van Abraham.

Lees Gen 23:2. Ons lees sy het in Kanaän gesterf – dit is natuurlik die beloofde land. Sy het by Kirjat-Arba, oftewel by Hebron, gesterf. Hebron is natuurlik die plek waar Abraham gaan woon het nadat hy en Lot van mekaar geskei het (Gen 13:18). Dit was hier by Hebron wat baie van die interaksies en gesprekke tussen die Here en Abraham plaasgevind het. Dit is eers in Gen 20 dat ons lees dat Abraham suidwaarts na die Negev getrek het, waar hy kontak gemaak het met Abimeleg. Dit lyk of hy toe vir 'n lang tyd in Berseba bly woon het (Gen 20:19). Dit is nie duidelik presies wanneer Abraham van Berseba af vertrek het terug na Hebron toe nie.

Maar nou het Sara gesterf – en Abraham rou en huil oor sy vrou se afsterwe. Ons kan dit goed verstaan – Abraham en Sara het 'n lang pad saamgestap. Ja, daar was tye moeilike tye – die tye waar Abraham aanleiding gegee het dat die farao en Abimeleg haar as vrou geneem het, ook die tyd toe Abraham op Sara se aandrang 'n kind by Hagar verwek het met al die spanning wat dit tot gevolg gehad het. Maar daar was ook baie tye wat hulle saam geworstel het oor die vervulling van die beloftes van die Here aan Abraham, en ook aan Sara. Onthou, Sara was 65 toe hulle in die beloofde land gekom het. Sy het op 'n ouderdom van 127 jaar gesterf – dit is 62 jaar later. En wie weet hoe lank hulle getroud was in Haran en daarvoor in Ur van die Chaldeërs. Sara was Abraham se

lewensmaat. Dit bly aangrypend hoe intiem die band word tussen ‘n man en sy vrou – veral na so ‘n lang huwelik. Maar nou is Sara oorlede – en Abraham rou en huil.

Lees Gen 23:3. Ons weet nie hoe lank Abraham by Sara gerou het nie – maar dit kon nie te lank gewees het nie, toe staan Abraham op. Daar is werk om te doen: Sara moet begrawe word, maar Abraham het eenvoudig nie toegang tot ‘n graf nie. Natuurlik is dit dringend – Sara se begrafnis kan nie onbepaald uitgestel word nie. Al is Abraham hartseer en in rou, sien hy tog ‘n geleentheid in hierdie situasie. Soos wat Abraham in Gen 21 met Abimeleg se besoek aan hom die geleentheid raakgesien het om te onderhandel oor die put wat Abimeleg se dienaars afgevat het, so sien Abraham ook nou ‘n geleentheid raak. Gevolglik gaan onderhandel hy met die Hetiete wat in die omgewing van Hebron gewoon het om ‘n graf vir Sara te bekom. In verse 4-16 is daar drie rondtes onderhandelinge tussen Abraham en die Hetiete:

- **Rondte 1 – Gen 23:3-6:** Abraham erken hy is ‘n vreemdeling en ‘n bywoner in die land van die Hetiete. Die gevolg hiervan is dat Abraham nie geregtig daarop is om grond te besit nie. Maar dit is juis wat Abraham nou van die Hetiete vra: Hy vra vir ‘n <u>begraafplek as eiendom</u>. Let op, Abraham vra nie net vir ‘n begraafplek nie, hy wil nie net ‘n graf hê nie, nee, hy wil die begraafplek besit as sy eie eiendom. Soos destyds met Abimeleg, sien hy die geleentheid raak. Daar het dit geëindig met ‘n put. Nou wil Abraham eindig met ‘n begraafplek as eiendom. Natuurlik is Abraham se motivering dat die Here die land aan hom beloof het, en tog, behalwe daardie put, besit hy tans niks van die land nie. Hy onderhandel dus vir ‘n stukkie van die land, al is dit net ‘n begraafplek. Die Hetiete het ‘n baie ontvanklike houding teenoor Abraham – hulle beskryf hom as ‘n magtige leier, dit kan ook vertaal word met “’n vors van God”. Dit herinner ook aan Abimeleg wat gesê het hy kon sien dat God met Abraham is in alles wat hy doen (Gen 21:22). Maar, al is die Hetiete ontvanklik teenoor Abraham, bied hulle nie aan hom ‘n begraafplek as eiendom nie, nee, hulle bied net ‘n graf aan. Dit kan weliswaar een van die keur van hulle grafte wees, maar hulle bied Abraham nie eiendomsreg aan nie.
- **Rondte 2 – Gen 23:7-11:** Soos wat die Hetiete hoflik is teenoor Abraham, so is hy ook hoflik teenoor hulle: Hy staan op en buig diep voor hulle. Abraham gebruik hulle gewilligheid dat hy darem Sara daar kan begrawe om verder te onderhandel. Hy vra dat hulle tog by Efron, die seun van Sogar, vir hom voorspraak sal doen. Abraham maak bekend dat hy spesifiek in die grot van Magpela belangstel, wat aan Efron behoort. En weer maak Abraham dit duidelik dat hy die grot teen die volle koopprys wil koop, en daarvoor betaal, sodat hy dit as eiendom kan besit. Efron was teenwoordig en het tussen die Hetiete gesit. Hy het nie gewag op die bemiddeling van die Hetiete nie – hy reageer daar voor almal in die stadspoort. Efron dui aan hy is bereid om die grot plus die stuk grond waarop dit is, vir Abraham te gee. Hy is dus bereid om meer te gee as wat Abraham gevra het – hy sal die stuk grond insluit. Dit is nie duidelik of Efron werklik eerlik was deur te sê hy sal dit alles aan Abraham gee nie – dit lyk nie uit die opvolgende gebeure of dit die geval was nie. Dit lyk eerder of dit ‘n onderhandelingstaktiek was: deur meer aan Abraham aan te bied, kan hy ook meer geld daarvoor kon vra. As Abraham die grond sou koop, sou Abraham ook volle verantwoordelikheid vir die grond neem.
- **Rondte 3 – Gen 23:12-16:** Abraham dring weer daarop aan: hy wil betaal. Abraham kon waarskynlik voorsien dat as hy die grond net aanvaar, kan daar kort voor lank weer ‘n gestryery wees oor wie se grond dit nou werklik is. Hy wil betaal, sodat alles oop en deursigtig is, en sodat hy werklik die grond as eiendom kan besit. Nou maak Efron bekend wat hy eintlik vir die grond met die grot wil hê: 400 sikkels silwer. Dit lyk vir my of dit redelik algemeen aanvaar word dat hierdie ‘n hoë prys was. Alhoewel ons nie weet presies hoe

groot die stuk grond was nie, weet ons dat Jeremia in Jer 32:9 ‘n stuk grond in Anatot koop vir slegs 17 sikkels silwer, en in 2 Sam 24:24 koop Dawid ‘n stuk grond vir ‘n altaar teen 50 sikkels silwer. In vergelyking hiermee lyk Efron se prys van 400 sikkels buitensporig hoog. Maar in 1 Kron 21:25 koop Dawid ‘n stuk grond om die tempel op te bou teen 600 sikkels silwer. Ons weet dus nie met sekerheid of en hoe buitensporig Efron se prys was nie, maar dit was waarskynlik hoog. Abraham het egter eenvoudig die prys aanvaar, die geld afgeweeg en dit aan Efron betaal.

Lees Gen 23:17-18. So het Abraham die stuk grond met die grot van Magpela daarop wettiglik verkry ten aanskoue van die Hetiete in die stadspoort – hy was nou die wettige eienaar. Lees Gen 23:19-20. Siende dat Abraham nou die wettige eienaar was, het hy voortgegaan en Sara daar gaan begrawe.

Ons weet egter ook dat hierdie nie maar net ‘n graf vir Sara was nie. Lees Gen 49:29-32 en 50:13. Behalwe dat Sara daar begrawe is, is Abraham self ook later daar begrawe, en so ook Isak en sy vrou Rebekka, asook Jakob en sy vrou Lea – d.w.s. aldrie die stamvaders van die volk Israel, saam met hulle vrouens, Ragel uitgesluit. Dink veral aan Jakob, wat in Egipte gesterf het, en hoe Josef met groot moeite hom ook hier in die grot van Magpela kom begrawe het – hierdie was voorwaar ‘n familiegraf.

Maar nou kan ons tog die vraag vra: Abraham, hoekom soveel drama oor ‘n graf? Ja, ons kan verstaan Sara het gesterf, en jy moet haar begrawe – maar hoekom soveel drama maak net om die graf te mag besit as eiendom? Om dit te begryp moet ons onthou wat in die voorafgaande hoofstukke gebeur het:

- Onthou hoe die Here verskeie male aan Abraham beloof het hy sal die land besit. Dink byvoorbeeld aan die gebeure in Gen 13 toe sy en Lot se paaie van mekaar geskei het toe hulle by Bet-El was. In Gen 13:14-15 het die Here na Lot vertrek het aan Abraham beloof: “Kyk rond! Kyk van die plek waar jy is na die noorde, die suide, die ooste, die weste; want die hele land wat jy sien – aan jou gee Ek dit, en aan jou nageslag vir altyd.” Wel, nou is dit jare later, Abraham is baie ouer, en behalwe vir die put by Berseba, besit Abraham niks van die land nie. Hy is steeds ‘n vreemdeling en bywoner. Abraham gryp die geleentheid aan, om darem saam met die put met water, ook ‘n begraafplek as eiendom te besit – ‘n klein deeltjie van die land wat aan hom beloof is deur die Here.
- Onthou ook wat die Here aan Abraham in Gen 15:13-16 gesê het. Lees dit. Abraham het geweet dit gaan nog lank vat voor sy nageslag die land gaan besit. Hulle gaan nog eers 400 jaar in Egipte verdruk word. Dit gaan eers die vierde geslag wees wat die land in besit gaan neem. Hyself gaan sterf voor dan – die Here het immers gesê hy gaan in vrede sterf. En nou is Sara oorlede, en Abraham moes besef het die dag van sy sterwe kom ook nader – dit gaan eers die vierde geslag wees wat die land gaan inneem. Daarom doen hy al die moeite om ten minste ‘n begraafplek as eiendom te besit. Dit moet as ‘n simbool van hoop dien vir sy nageslag – veral gedurende daardie 400 jaar. Dit is opvallend dat die drie geslagte, Abraham, Isak en Jakob, almal hier begrawe is – die drie geslagte tot die vierde geslag wat die land moes inneem! Vir Abraham se nageslag gedurende die 400 jaar moes dit as bemoediging dien: drie geslagte is begrawe in die begraafplek wat Abraham besit het in die beloofde land – die res van die land sal volg.
- Lees Heb 11:13-16. Sara is dood. Abraham het geweet hy gaan sterf voor die beloftes van die Here vervul is. Maar, soos wat ons gesien het in ons bestudering van Abraham oor die laaste paar maande, het hy al hoe meer begin verstaan dat dit oor meer gaan as die fisiese beloofde land. Heb 11 sê hulle het gehunker na ‘n beter een – ‘n hemelse een. Of soos Heb

11:10 sê: Hy het die stad verwag wat fondamente het, waarvan God self die argitek en boumeester was. Abraham het geweet hy gaan sterf voor die volle vervulling van die beloftes. Maar die feit dat hy 'n begraafplek koop, vir Sara, en vir homself, dui aan dat hy oortuig was dat hy steeds gaan deel in die volle vervulling van die belofte van die beloofde land – selfs al het hy gesterf, en sy nageslag moet dit weet. Sara en sy dood, beteken nie dat hulle nie die volle vervulling van die beloftes sal beleef nie. Hulle graf – die grot van Magpela, die graf van die stamvaders en hulle vrouens – word dus 'n herinneringsteken en 'n simbool van hoop wat selfs verder kyk as net die fisiese beloofde land!

<u>Jesus koop nie 'n graf nie (Mat 27:57-61)</u>

Lees Mat 27:57-61. Ons het gesien dat Abraham baie moeite gedoen het om 'n begraafplek as eiendom te bekom, wat moes dien as 'n simbool van hoop op die volle vervulling van die belofte van die Here om die beloofde land te besit.

Baie jare later het Jesus gekom – Hy het gekom as die Plaasvervanger na wie Isak en die ram in Gen 22 gewys het, Hy is die Plaasvervanger wat vir Abraham en sy nageslag geregtigheid kom bewerk het. Anders as Isak, sterf Hy tydens die bring van Sy versoeningsoffer, en dus moet Hy begrawe word. Ons lees in Mat 27 Josef van Arimatea het na die kruisiging Jesus se liggaam van Pilatus gaan vra. Hy het Sy liggaam in skoon linne toegedraai, en neergelê in die nuwe graf wat hy vir homself in die rots laat uitkap het.

Dink nou oor die volgende: Abraham het groot moeite gedoen om seker te maak hy besit 'n graf. Jesus, daarenteen, het geen moeite gedoen om seker te maak Hy besit 'n graf nie, trouens Hy is in 'n geleende graf begrawe. Hoekom die verskil? Soos ons gesien het: Abraham het geweet die volle vervulling van die beloftes gaan lank neem – ten minste 400 jaar net tot die fisiese land in besit geneem is, en wie weet hoe lank daarna tot die volle vervulling van 'n hemelse land. Ons weet die volle vervulling is selfs vandag, 4000 jaar later, steeds nie bereik nie. Abraham het 'n graf gekoop as 'n aanvanklike deel van die beloofde land, sodat dit sy nageslag kan herinner: die res sal kom – al duur dit lank.

Maar met Jesus is dit anders: Hy het ook, soos Abraham, geweet Hy gaan sterf. Maar, Hy het ook geweet dat Hy nie lank in die graf sal wees nie – Hy het dit in soveel woorde vir Sy dissipels geleer – byvoorbeeld in Mat 16:21 waar Hy gesê het Hy gaan baie moet ly, Hy gaan doodgemaak word en op die derde dag opgewek word. Anders as Abraham en Sara se liggame wat nou al vir 4000 jaar in die graf is, het Jesus die graf net vir drie dae nodig gehad. Hy het geweet Hy gaan die dood oorwin – Hy het geweet Hy gaan nie in die graf bly nie. Anders as Abraham wat vir sy nageslag wou waarsku dat hulle liggame lank in die graf sou bly, wou Jesus juis Sy dissipels leer Hy gaan kort in die graf wees – 'n geleende graf is voldoende. Na drie dae kan Josef van Arimatea weer sy graf terugkry.

As jy vandag na die land Israel sou reis, is die grot van Magpela waar Abraham en die stamvaders begrawe is, steeds 'n plek van besondere belangstelling. Vir die Jode is dit naas die klaagmuur van die tempel in Jerusalem, een van die mees spesiale plekke. Onthou, hulle heg geen waarde aan Jesus se leë graf nie – hulle wag steeds op die koms van die Een wat in Isak se plek geoffer moet word. Ongelukkig is daar tans 'n Moskee gebou oor die grafte van die stamvaders – want die Moslems beskou dit ook as 'n besondere plek – hulle is tog ook afstammelinge van Abraham. Moslems word ook aangemoedig om dit te besoek.

Wat van ons as Christene? Moet ons ook moeite doen om dit te gaan besoek? Ons kan sekerlik steeds dink aan die grot van Magpela as 'n herinnering dat ons steeds wag op die volle vervulling van die beloftes van die Here rakende die land – en dan bedoel ek nie die fisiese land soos wat dit die

volk destyds aan moes herinner nie. Ek bedoel die hemelse een waarvan Heb 11 praat. Maar, ons het boonop ook die leë graf van Jesus – wat ons herinner aan die feit dat die Plaasvervanger intussen gekom het – dat Hy gesterf het en dat Hy opgestaan het. Maar, geliefdes, ons hoef nie pelgrimstogte na hierdie plekke te onderneem nie. Ons het selfs iets beters om ons te herinner: Ons het die sakrament van die nagmaal. Die nagmaal het in die plek van die pasga gekom. Die pasga is ingestel toe die Here daardie vierde geslag na die 400 jaar uit Egipte gelei het juis om die beloofde land in besit te neem. Die pasga moes hulle voortaan herinner aan daardie verlossing. Vandag het ons die nagmaal wat in die plek van die pasga gekom het. Dit laat ons enersyds terugkyk na die sterwe en opstanding van die Here Jesus, en andersyds laat dit ons vorentoe kyk na die volle vervulling van die Here se beloftes – ook die volle vervulling van die belofte van die land.

<u>Ons begrawe vol hoop en met sekerheid (Op 7:9-17, 1 Tes 4:15-18, Op 21:1-7)</u>

Toe Sara gesterf het, het Abraham haar met waardigheid begrawe in die grot van Magpela. Abraham wou hê dat sy eienaarskap van die grot as simbool van hoop moes dien aan sy nageslag – selfs Sara sal deel in die volle vervulling van die beloftes van die Here. Maar jare later het Abraham ook gesterf, en hy is ook in die grot van Magpela begrawe. En so ook Rebekka, en Isak, en Lea, en Jakob. Dit is nou 4000 jaar later. Hulle liggame is almal nog steeds daar. Jy kan die plek in Hebron gaan besoek. Is dit werklik 'n simbool van hoop, as hulle liggame 4000 jaar later steeds in die grot van Magpela is?

Toe Jesus gesterf het, het Josef van Arimatea en Nicodemus en die vroue Sy liggaam met waardigheid begrawe – in linnedoeke toegedraai en in die graf neergelê. Maar anders as die grot van Magpela wat nog vol is, is Jesus se graf leeg – Hy het op die derde dag opgestaan! Dit is sekerlik meer hoopvol!

Maar die harde realiteit is steeds dat ons sterf. Gereeld moet ons langs die graf van 'n geliefde gaan staan. En dan begrawe ons hulle met waardigheid. Maar die feit van die saak is: die begraafplase word net al groter en groter. Al het Jesus reeds 2000 jaar gelede opgestaan uit Sy graf, bly die grafte vol. En, tensy die Here Jesus spoedig kom, gaan die dag aanbreek dat elkeen van ons ook sterf. En dan word ons ook begrawe, en die grafte word al meer, en hulle bly vol. Hoe is dit hoopvol?

Onthou: Jesus se graf is leeg! Dit beteken Hy het geregtigheid bewerk! Dit beteken die Here gee daardie geregtigheid vir elkeen wat deel is van die ware nageslag van Abraham! Dit is waar van Abraham, Isak, Jakob en elke ware gelowige. Ja, hulle sterwe steeds fisies. Maar, as ons hulle begrawe, of as hulle ons begrawe, word dit gedoen met hoop en in sekerheid. Want sien: ons begrawe net die liggame. Hulle siele is alreeds in die hemel nog voor die begrafnis gereël is. En wat gebeur in die hemel? Lees saam met my Op 7:9-17:

- Let op die opskrif: Die groot skare in die hemel
- Vers 9: wat niemand kon tel nie – want dit sluit in Sara, en Abraham, en Rebekka, en Isak, en Lea, en Jakob, en elke gelowige wat deel is van die nageslag van die vrou – van die begin af tot nou toe en tot met die wederkoms!
- Vers 9: lang wit stolas – want die Here het vir hulle geregtigheid gegee wat Jesus as Plaasvervanger vir hulle bewerk het.
- Vers 15-17: Wat beleef hierdie afgestorwe gelowiges? Hulle dien die Here dag en nag, hulle het gemeenskap met die Here, hulle swaar is verby, die Here Jesus versorg hulle as Herder, hulle drink lewende water – verstaan jy hoekom Abraham daardie put wou besit?

Dit is wat hierdie afgestorwe gelowiges nou beleef. Dit is wat Abraham al vir 4000 jaar beleef. Dit is wat ons gaan beleef die dag wat ons sterf.

En dit is maar net die begin! Dit is wat afgestorwe gelowiges beleef tot met die wederkoms. Maar wat gaan dan gebeur? Lees saam met my 1 Tes 4:15-18:

- Vers 16: Met die wederkoms sal daar die stem wees van ‘n aartsengel en ‘n trompetgeskal. En dan sal die Here, dit is die Here Jesus, uit die hemel afkom na die aarde toe. En dan sal diegene wat in Christus gesterf het, eerste opstaan. Dit beteken hulle liggame gaan fisies opstaan en herenig met hulle siele wat saam met Jesus uit die hemel kom. Dit sal waar wees van Abraham, en Sara, en Isak, en Rebekka, en Jakob, en Lea – ek veronderstel dit sal die einde beteken van die moskee oor die grot van Magpela. En so ook elke ander gelowige wat van die begin van die tyd geleef en gesterf het. Miljoene, nee biljoene – soveel dat hulle nie getel kan word nie – soveel soos die sand van die see en die sterre van die hemel soos die Here vir Abraham beloof het. Gestel jy sou nog leef op daardie dag: dink jou die gesig in as al die gelowiges fisies uit die dood opstaan.
- Vers 17: Die gelowiges wat dan nog lewe, sal dan saam met al hierdie opgestane gelowiges in die wolke opgeneem word om die Here in die lug te ontmoet – en so sal al die gelowiges by die Here wees.
- As jy 1 Kor 15:35-58 gaan lees, lees jy boonop dat hierdie opstanding gepaardgaan met ‘n herskepping van die gelowiges se liggame: hulle sal geestelike liggame ontvang wat onverganklik en onsterflik is – uiteindelik is die dood finaal oorwin.

En dit alles is net die voorbereiding! Nou kom die volle vervulling van die beloftes van die Here! Lees saam met my Op 21:1-7:

- Vers 1: ‘n Nuwe hemel en ‘n nuwe aarde! Die skepping is nuutgemaak – waarskynlik is dit hoekom ons almal saam in die wolke opgeneem is – sodat die Here die skepping nuut kan maak!
- Vers 2: En nou daal die Nuwe Jerusalem van God af uit die hemel neer na die nuwe aarde. Maar dit is dan die stad wat Abraham voor gewag het – die stad met die fondamente waarvan God self die argitek en boumeester is! Boonop is die Nuwe Jerusalem ook die bruid – maar dit is dan die volle ware nageslag van Abraham!
- Vers 3: God se woonplek is nou by die mense. Maar dit is wat ons in Heb 11 gelees het: Abraham-hulle het ‘n hemelse land verwag. Nou daal die Nuwe Jerusalem, dit is die gelowiges, uit die hemel neer na die nuwe aarde – en die Here kom by hulle woon. Dit is nou hemel op aarde! Ons kan nie nou in detail daarna kyk nie – maar dit beteken dat daardie skeiding tussen lig en donker, tussen hemel en aarde, tussen aarde en see, waarmee God gedurende die eerste drie skeppingsdae begin het, is nou afgehandel!
- Vers 3: Hulle sal Sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle God! Maar dit was dan juis die belofte van die Here aan Abraham in Gen 17:8 – Ek sal vir jou nageslag ‘n God wees!
- Vers 6: Dit is afgehandel! Hier is die volle vervulling van die beloftes van die Here, insluitend Sy beloftes aan Abraham: Die bruid as die volle nageslag van Abraham op die nuwe aarde as volle vervulling van die beloofde land – en die Here is hulle God en woon by hulle.
- Vers 7: Wie oorwin, die gelowiges, sal hierdie dinge beërf – dit is wat die Here beloof het, dit is wat die Here met ‘n eed bevestig het. Dit was waaraan Abraham sy nageslag wou herinner deur die grot van Magpela.

Ja, geliefdes, as ons dierbares sterf, dan treur ons, soos Abraham oor Sara getreur het. Ons begrawe ons dierbares met hartseer – want daar is skeiding. Maar ons begrawe in hoop en sekerheid. Ons begrawe in hoop op die volle vervulling van die beloftes van die Here. Ons begrawe in sekerheid, want die Here sal dit doen – Hy het beloof en ‘n eed by Homself gesweer. Selfs die gedeeltelike

heerlikheid wat gelowiges beleef van die oomblik dat hulle sterf tot met die wederkoms, is alreeds iets om oor opgewonde te wees. Maar soveel te meer die volle vervulling na die wederkoms – laat ons nie moed verloor nie, maar end-uit volhard. Die vervulling van die beloftes is groot!